

Augustus: God troos sy kinders deur sy almag

Dinsdag 6 Augustus

Skrifgedeelte: Nehemia 1

Fokusgedeelte: Nehemia 1:5-6

God se almag en trou is ons troos wanneer ons bouwerk misluk

Hoeveel keer word ons nie ook soos Nehemia hartseer en bedroef gelaat wanneer ons bouplanne in God se koninkryk nie uitwerk soos ons gedink het nie? Ons doen bouwerk aan ons eie geloofslewe, ons bou aan ons huwelike, ons probeer om die gemeente op te bou, maar telkens voel dit of die bose 'n stokkie voor ons planne steek! Dit voel of ons net misluk en of die Here se eer wegbly.

In sy moedeloosheid vlug Nehemia in gebed tot God. Hy doen dit, want hy ken en bely die HERE as "God van die hemel, grote en gedugte God". Hy weet dus dat God almagtig is, oor alle dinge regeer en ons daarom kan help. Maar nog meer, Hy is die HERE wat getrou bly aan sy verbond wat Hy met ons gesluit het, en daarom wil Hy ons ook help. Só moet ons kennis van God en ons vertrouwe op Hom ons tot gebed en daade laat oorgaan, wanneer die lewe begin druk.

Die kennis van God se almag en trou bring ons egter tot 'n besef van hoe ver ons tekortskiet in ons gehoorsaamheid aan God. Nehemia bely sy eie sonde, asook die van sy familie en die van sy volk. In ons selfondersoek sien ons tog raak hoe ons God nie altyd liefhet soos Hy van ons vra nie. Besef ons ooit dat ons dikwels deel van die probleem is? Laat ons dit voor die Here bely!

Tog kan ons soos Nehemia onself beroep op God se beloftes en ewige trou. Selfs al dwaal ons af, bly die HERE getrou en lei Hy ons terug na Hom toe. Christus was immers getrou tot in die dood toe, sodat ons, verlos van die sonde, ons Here weer kan liefhê en dien! Laat ons dus nie uit eie krag probeer bou nie. Kom ons plaas ons vertrouwe op Hom wat alle mag het en sy kerk bou en bewaar deur sy Woord en Gees.

Sing: Psalm 25-1:5, 6

Ds. PR (Retief) Gouws (Bergsig)